*Oorsigsartikel:*

# Die Topnaars van die Benede-Kuisebrivier in Namibië en Walvisbaai tot 1990

S.L. Barnard

Departement Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

**The Topnaars of the Lower-Kuiseb River in Namibia and Walvis Bay until 1990.** The Topnaar people live along the Kuiseb River in Namibia and in the enclave of Walvis Bay. They belong to one of the Khoi Khoi groups who have owned this part of the country for many centuries. In the past the Topnaars consisted of two groups, but since the beginning of the twentieth century they have been living as one united group. At present these people are living under the most trying circumstances. For their existence they rely on goats and a few head of cattle, as well as butterpips ('narras' — *Acanthosicyos horrida*) that grow in the lower reaches of the Kuiseb River. This desert fruit can only be found at one specific spot and has been associated with the Topnaar way of life for ages.

Langs die Kuisebrivier in die huidige Namibië en in die enklave van Walvisbaai woon die Topnaars. Dit is een van die Khoi Khoi-groepe wat al vir baie eeue hierdie deel van die land besit. In die verlede het die Topnaars uit twee groepe bestaan, maar sedert die begin van die twintigste eeu is hulle as een groep verenig. Tans leef hierdie mense onder die moeilikste omstandighede denkbaar. Vir 'n lewensbestaan maak hulle staat op enkele bokke en 'n paar beeste en dan lewe hulle van die narras wat wild in die benedeloop van die Kuisebrivier groei. Hierdie woestynvrug kom slegs op die een spesifieke plek voor en word al vir eeue geassosieer met die leefwyse van die Topnaars.

In die dor droë woestynlandskap van Wes-Namibië en in die enklave van Walvisbaai dui 'n groen streep bome die loop van die Kuisebrivier aan. Dit is in hierdie uitgestrekte stuk aarde, aan die soom van die duineveld van die Namib, dat die Topnaars hulle geslagte terug reeds gevestig het. Hoewel klein in getal en sukkelend om 'n voortbestaan in hierdie genadelose landstreek te bly verseker bly die Topnaars daarvan oortuig dat hierdie hulle geboortegrond is. Dit word treffend weerspieël in die woorde van 'n vrou van die vorige hoofman toe sy verklaar het: 'Ek is by die Kuiseb gebore, ek het my familie hier grootgemaak en ek sal sterf by die Kuiseb'.[1]

Die Topnaars is feitlik geïsoleerd in 'n gebied van ongeveer 150 km al langs die Kuisebrivier — van ongeveer Barrowberg in die ooste tot by die Atlantiese Oseaan in die weste.[2] In hierdie gebied, al met die loop van die Kuiseb, voer die Topnaars al vir 'n hele paar eeue letterlik 'n stryd om oorlewing. Luukshede bestaan daar glad nie en telefone is onbekend; sink- en houthuisies vorm die enigste beskerming teen 'n klimaat van uiterstes, terwyl slegs twee motorvoertuie tot die beskikking van die inwoners van die gebied is om hulle op 'n swak gruispad vol stof en slaggate te bedien.

Maar wie is hierdie groep mense wat teen die einde van die twintigste eeu nog bereid is om onder sodanige haglike omstandighede 'n lewensbestaan te probeer voer?

Die term 'Topnaar' is 'n direkte vertaling van die Nama-woord *# AONIN* wat beteken inwoners van die (landboukundig) marginale gebied.[3] Uit die stamtradisies het dit beteken dat die inwoners van hierdie gebied skerp is, dat hulle daarin geslaag het om bo uit te kom, om op die Top te wees — vandaar die naam Topnaars.

## Die geskiedenis van die Topnaars

As inherente deel van die Khoi Khoi strek die geskiedenis van die Topnaars eeue terug. Hoewel daar verskeie teorieë daaroor bestaan, word die standpunt van die bekende dr. H. Vedder[4] in dié verband aanvaar, naamlik dat die Khoi Khoi in voorhistoriese tye uit die gebied van die Groot Mere in Midde-Afrika suidwaarts getrek het.[5] Hulle het Suidwes-Afrika oor die Kunene-rivier binnegetrek en stadig suidwaarts begin migreer. Hoewel bepaalde stamme in Suidwes-Afrika agtergebly het, het die grootste meerderheid met hulle veetroppe verder suidwaarts getrek totdat hulle die mees suidelike punt, naamlik *Hui-! Keib*, plek waar die slange hou, bereik het. Dit is hier in die Kaap waar Jan van Riebeeck met die Khoi Khoi kennis gemaak het.

Die Topnaars was een van die stamme wat nie verder getrek het nie en hulle meer as 'n duisend jaar terug in die loop van die Kuisebrivier gevestig het.[6] As stam was hulle aanvanklik baie geïsoleerd en het kwalik met ander groepe in die gebied gemeng. Die relatiewe onbewoondheid van die binneland het verder verseker dat die Topnaars en hulle veetroppe so ver as Okahandja en Otjimbingwe (±300 km van die tradisionele Topnaargrond) aangetref is.[7] Die intrekkende Herero's uit die noorde en Namas uit die suide het die Topnaars gedwing om hulle uitsluitlik in die Kuisebbedding en dus eintlik in die Namib-woestyn te vestig.

Aanvanklik was daar twee duidelik onderskeibare groepe wat die Topnaars (*# AONIN*) gevorm het. In die duine van Walvisbaai, Sandvishawe en die benedeloop van die Kuiseb het die Strandlopers (*Hurinin* of *!Gomen*) onder leierskap van Kachab (die strydlustige) hulle bevind. Van Rooibank ooswaarts, al in die loop van die Kuiseb het die vredeliewende onderkaptein Neibeb en sy volgelinge gewoon.[8] Hulle het as die *!Naranin* bekend gestaan. Aan die kus het die Topnaars hoofsaaklik van seekos gelewe. Naby die teenswoordige Walvisbaai is vandag nog oorblyfsels van hulle hutte te sien in die bekende 'kitchen midden s'. Selfs die ongenaakbare woestynweer kon die meterhoë oorblyfsels van skulpe, visgrate en potskerwe na twee eeue nie vernietig nie.[9] Die Topnaars in die binneland was weer hoofsaaklik veeboere.

Die Topnaars was die alleenreg op die sentrale gedeeltes van die Namib egter nie beskore nie. Slegs agtien jaar nadat Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het word die boot *Grundel* in 1670 gestuur om die weskus te verken. In die omgewing van Sandvishawe (Anixab) het die skipper anker gegooi en met die

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).



Figuur 1 Oupa Alberts Bam, een van die patriarge van die Topnaars. Die sinkhuisie is tiperend van die karige lewensbestaan van hierdie bevolkingsgroep. Die huisie staan op die walle van die Kuisebrivier (in die agtergrond). *Foto: W. van Zyl*

Topnaars van die omgewing kennis gemaak. Dié besoek is binne sewe jaar opgevolg deur 'n tweede boot, die *Bode*,[10] wat begin het om met die Topnaars van die gebied handel te dryf. Bokke, beeste, narrapitte (wat vir die seevaarders soos papajapitte gelyk het) en vars water is vir Westerse produkte soos tabak en krale geruil. Hierdie eenvoudige begin sou later aanleiding gee tot 'n lewendige handel tussen die inwoners van die binneland en die bemannings van verbygaande skepe. Op hierdie wyse het die landstreek waarin die Topnaars vir soveel eeue in isolasie gelewe het, skielik binne die bereik van die Westerse beskawing gekom. 'n Maklike pad vir die totstandkoming van handelsbande was dit egter glad nie. Die leierskorps van die Topnaars was van mening dat 'die mense van die see hulle tuiste die see moes gemaak het'.[11] Op die droë grond en in die land van die Topnaars is hulle beslis nie met ope arms ontvang nie.

Die handelsvaarte op die seeweg na die Ooste het die 'oudstes' van die Topnaars gedwing om hierdie standpunt te laat vaar. Die # *AONIN* van die Kuisebrivier het al meer 'n deel van die ontdekking van Afrika begin word en sou nie in isolase kon bly lewe nie. Al hoe meer bote het in die 18de en die begin van die 19de eeu hulle ankers in Sandvishawe of Walvisbaai (! Gomen - //gams) uitgegooi.

So het daar al in 1793 amptelike samesprekings tussen die hoofman of kaptein van die Topnaars en die Kaapse koloniale owerhede plaasgevind. Die blankes was verbaas om uit te vind dat die Topnaars reeds beskik het oor 'n funksionerende regeringsliggaam wat uit 'n kaptein en sy raadslede bestaan het.

Saam met die seevaarders en handelaars sou ook die sendelinge as 'seemense' hulle spoedig al meer by Walvisbaai begin vestig. Reeds in 1824 het die sendeling Heinrich Schmelen na 'n reis deur die binneland van Suidwes-Afrika met entoesiasme daarop gewys dat die Topnaars van die Kuiseb 'n braakveld vir die verkondiging van die Evangelie gebied het.[12] Die kommoditeite wat nodig was vir die oprigting van 'n sendingstasie was beslis teenwoordig, naamlik gras, hout en voldoende voorrade vars water.

In opvolging van hierdie pleidooi het die Rynse Sendinggenootskap aan die begin van Januarie 1845 twee sendelinge, naamlik Johann Rath en Heinrich Scheppmann, na Walvisbaai gestuur om met sendingwerk onder die Topnaars te begin.[13] So maklik sou die Topnaars egter nie van hulle isolasie afstand doen nie en die sendelinge moes geduldig wag totdat toestemming van kaptein Jonker Afrikaner verkry kon word. Synde 'n deel van die Khoi Khoi-groepering het die Topnaars in die sewentigerjare van die vorige eeu die direkte jurisdiksie van hierdie gevreesde kaptein, die 'skrik van Suidwes', aanvaar.

In Maart 1845 het Jonker Afrikaner vergesel van 34 vegters en twee mak leeus in Walvisbaai aangekom om oor die blankes se vestiging te onderhandel.[14] Na sestien dae se samesprekings is goedkeuring verleen dat Heinrich Scheppmann met sendingwerk onder die Topnaars kon begin. Scheppmann het nie gras onder sy voete laat groei nie en het reeds in dieselfde jaar hoofsaaklik onder die mense van kaptein Neixab by Rooibank (! Awa 'haos) 'n sendingstasie gevestig.

Onder 'n groot ana-boom (*Acacia Albida*) in die loop van die Kuisebrivier is die eerste kerkie van riet modder en hout voltooi. Binne ses maande het kaptein Neixab tot bekering gekom en is hy in November 1846 gedoop.[15] Dat die sendeling Scheppmann 'n besondere rol in die geskiedenis van die Topnaars gespeel het, kan nie weggeredeneer word nie. Onder sy leiding is die eerste kategese-handboeke vir die Topnaars gedruk en het hy ook 'n hele aantal palmbome, 'n geskenk uit



Figuur 2 Die klein monumentjie in die loop van die Kuisebrivier om die plek aan te toon waar Scheppmannsdorp, die 'heilige grond' van die topnaars, geleë is. Na byna 150 jaar waak die palmbome steeds oor hierdie heiligdom. *Foto: L. Barnard*

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

Duitsland, rondom die kerkie aangeplant. Vloede in die Kuiseb het die kerkie spoedig weggespoel maar die palmbome het bly staan as 'n waardige monument vir die werk wat Scheppmann onder die Topnaars gedoen het.

Die inwoners het so geheg aan die Duitse sendeling geword dat hulle die gebied 'Scheppmannsdorp' gedoop het. Tot vandag toe bly dit die 'heilige grond van die Topnaars'[16] en word daar jaloers oor hierdie stukkie erfenis gewaak.

In die dekades wat sou volg, het verskeie sendelinge onder die Topnaars gewerk en so die boodskap van eerwaarde Scheppmann verder uitgedra. Die Topnaars het die binnelandse onrus wat die huidige Namibië in die tweede helfte van die 19e eeu ervaar het, nie vrygespring nie. Vanweë die lotsgebondenheid is 'n groot persentasie van die mans by die oorloë van Jan Jonker Afrikaner betrek. Hoewel die Topnaars eintlik vredeliewend van geaardheid is, het hulle stamgebondenheid veroorsaak dat van hulle saam met Jonker Afrikaner gaan veg het. Die gevolg was dat heelwat van die Topnaars hulle uiteindelik in gebiede verder noord, byvoorbeeld op Fransfontein en Sesfontein, gaan vestig het.[17] Hierdie splintergroepe het met die jare met ander bevolkingsgroepe vermeng en vandag kom die rasegte Topnaars nog net in die Kuisebrivier voor.

Die vredeliewende mense van Scheppmannsdorp het die wrede plundering deur Jonker Afrikaner en sy manskappe in velheid ervaar en in 1867 is die klein nedersetting aangeval. Die kerkie is verwoes en die klein drukkery wat Scheppmann met soveel liefde aan die gang gekry het, is beroof om lood vir koeëls te bekom.[18] Ten spyte van hulp deur sekere Topnaars kon die 'skrik van Suidwes' nie die versoeking weerstaan om hierdie weerlose gemeenskappie met sy wraak te laat kennis maak nie.

Teen die einde van die 19e eeu het die leefruimte van die Topnaars veral langs die weskus al hoe meer beperk begin raak. Handel uit Walvisbaai met die binneland van Suidwes-Afrika, veral na die anneksasie van die gebied deur die Kaapkolonie in 1878, het vinnig toegeneem en walvisvangers het die baai begin gebruik om hulle walvisse te verwerk. Na die dood van kaptein Kochab het dit vir die Topnaars aan die kus duidelik begin word dat hulle in hierdie gebied nie veel langer met hulle tradisionele leefwyse sou kon voortgaan nie.

So het dit dan gebeur dat 'n groep Topnaars van hulle tradisionele visvelde weggetrek het en hulle tussen hulle stamgenote in die boloop van die Kuiseb gaan vestig het. Die tradisionele kaptein van die Topnaars, Neibeb, onder wie die hele stam nou geressorteer het, het in 1910 gesterf en is op Rooibank begrawe.

Die geskiedenis van die Topnaars sedert 1910 is dié van 'n groep mense wat letterlik uit alle oorde die wind van voor ontvang het. Die Kuiseb het in 1934 sterk afgekom en alles voor hom eenvoudig weggevee. Daar het nie alleen honderde Topnaars verdrink nie, maar alles in die pad van die vloed is vernietig. Tot oormaat van ramp het springkane, steekvlieë, malaria en tifus die Topnaars hierna geteister en dit het jare geneem om slegs weer tot die eertydse lewenspeil terug te keer.

Ook op politieke gebied het dit met die Topnaars nie goed gegaan nie. Sedert die afsterwe van kaptein Neibeb was daar geen tradisionele leier nie. Onderlinge twis en tweedrag het meegebring dat die stamgroep nie eenparig oor 'n opvolger kon besluit nie. Vir dekades lank is die bestuur van die Topnaars deur voormanne of segsmanne behartig. Hierdie voormanne se opdrag aan hulle onderdane was 'om die tradisionele wette, pligte en leefwyse van die Topnaars te eerbiedig en te beskerm'.[19] Vanweë die afgesonderheid van die Topnaars het hulle 'n eie, unieke leefwyse ontwikkel wat grootliks geskoei was op tradisionalisme.

Verskeie gebeure het die Topnaars egter gedwing om van hierdie wyse van regering afstand te doen. In die eerste plek is hulle tradisionele grondgebied in die sestigerjare ingesluit in 'n natuurpark naamlik die Namib-Naukluftpark. Hierdie stap het eenvoudig beteken dat die Topnaars voortaan geen wild meer kon jag nie en dat hulle weigebiede tot die loop van die Kuiseb beperk was.[20]

'n Volgende krisis wat die Topnaars ervaar het, was die aanbevelings van die 'Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede in Suidwes-Afrika, 1962–1963'[21] — in die wandel bekend as die Odendaalplan. Hiervolgens moes die Topnaars hulle tradisionele grond langs die Kuiseb verlaat en as deel van die Nama-stam hulle in die suide van die gebied gaan vestig. 'n Gebrek aan die nodige leierskap het nogtans nie verhoed dat die Topnaars sterk standpunt kon inneem om hulle geboortereg te beskerm nie.

Tydens die bekendstelling van die aanbevelings van die Kommissie het 'n bejaarde Topnaarman en -vrou op tradisionele wyse hulle misnoeë te kenne gegee. Die ou vrou het 'n sakkie vol narrapitte op die tafel neergesit en verklaar dat dit die lewensaar van hulle bestaan was. As die leiers kon verseker dat hulle in die nuwe gebied slegs vryelik van die narraplant sou kon leef wat wild in die veld groei, sou sy bereid wees om te trek.

Die ou man het met bewende hande 'n hopie grond neergesit. Dit was afkomstig van hulle heilige grond by Scheppmannsdorp en hulle sou nie daarvan afstand doen nie. Sy argument was verder dat hulle oor die saak sou nadink as hulle heilige grond na die nuwe gebied verskuif kon word. Daarmee was die saak afgehandel. Die destydse regering het nie hulle grondeise bevraagteken nie en die Topnaars het langs die Kuisebrivier bly woon.[22]

Hierdie optrede van die Topnaars beklemtoon juis die problematiek van gebrekkige leierskap wat vir minstens sewe dekades die mense in hulle ontwikkeling en vooruitgang gestrem het. Daar was geen erkende leier om die Topnaars te help om rasionele besluite te neem nie.

Na die aanvaarding van resolusie 435 deur die Verenigde Volke wat onafhanklikheid vir die gebied ingehou het, het dit spoedig vir die regering in die gebied duidelik word dat daar 'n leier in die Topnaargemeenskap moes kom. Op hierdie wyse is hoofman Esau Kooitjie in 1976 bloot vanweë administratiewe oorwegings as die leier aangestel en erken. Op 22 Desember 1977 is hy deur die destydse verteenwoordiger van die RSA, Administrateur-generaal regter M.T. Steyn, op Ururas in die Kuiseb beëdig.[23]

Sy leierskap van die Topnaars het oor 'n paar jaar gestrek totdat sy seun S.M. (Seth) Kooitjie in 1981 amptelik verkies is tot tradisionele hoofman van die Topnaars. Met Seth Kooitjie se inswering in 1982 is die kringloop voltooi en het die Topnaars weer 'n tradisionele leier gehad wat wettig verkies is en nougeset oor die belange en tradisies van sy mense moes waak.[24]

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

### Leefwyse van die Topnaars

Die feit dat die Topnaars vir soveel jare in isolasie langs die Kuisebrivier gebly het, moes noodwendig 'n invloed op hulle leefwyse uitgeoefen het. Tog het die Westerse kultuur in 'n toenemende mate meer eie aan die Topnaars geword.

Daar is egter steeds 'n beduidende persentasie van die ouer Topnaars wat nougeset bly vaskleef aan hulle eeue-oue tradisies. Aan die gejaagde lewe van die westerling steur die tradisievaste Topnaar hom maar min. Tydens 'n besoek aan die Topnaars in November 1990 is eendag gevind dat die bokke by een nedersetting teen 11:45 nog nie uit die kraal gejaag was nie, terwyl twee vrouens hulle op daardie tydstip gereedgemaak het om die bokke te gaan melk. Dit is 'n daaglikse ritueel wat net afgewissel word as die mans na die narravelde vertrek om die oes te gaan insamel.

Die hedendaagse Topnaar leef onder primitiewe omstandighede. Die behuising is uiters karig en 'n woonplek bestaan in die meeste gevalle slegs uit 'n enkelvertrek wat van ou sinkplate of hout aanmekaargetimmer is.[25] Die bokkrale in die onmiddellike omgewing van die huisies beklemtoon die feit dat die kleinvee, jakkalse en ander ongedierte uit die Namib-Naukluftpark ten prooi val. Lopende water is in enkele gevalle beskikbaar, maar die meeste Topnaars moet nog putte grawe ten einde 'n konstante bron van water te verseker. Die putte lê almal aan die noordekant van die rivierloop omdat die verskuiwende sandduine aan die suidekant dit toewaai. Gelukkig is die watervlak in die Kuiseb baie hoog (nie dieper as 2–3 meter nie) en neem dit nie lank om 'n put te grawe en dit dan met anaboomhout en takkies van die donkiehoutboom uit te voer nie.[26]

Groentetuine kom baie min voor en die stapelvoedsel van die Topnaars is mieliemeel wat in Walvisbaai verkry word, met melk van bokke en beeste en narras aangevul (*Acanthoscyos horrida*). Daar is geen nywerheid nie en slegs Narras word as produk deur die Topnaars gelewer. Behalwe die gewone huislike aktiwiteite, die pluk van narras in die seisoentyd en die melk van bokke en beeste word die dae in die Topnaargemeenskap rustig en sonder enige noemenswaardige ander aktiwiteite deurgebring.[27]

Soos duidelik uit die leefwyse van die Topnaars afgelei kan word, het formele opleiding tot 'n dekade of twee terug geen rol in die gemeenskap te speel gehad nie. Sedert die oprigting van die eerste (en enigste) skool, die J.P. Brandt-skool by Iiuseb, in September 1978, het die houding van die inwoners van die gebied egter radikaal verander. In die woorde van die huidige skoolhoof, mnr. L. Andreas, het daar 'n sterk drang na onderwys posgevat. Waar die ouers aanvanklik negatief teenoor die gedagte was, word formele skoolopleiding tans baie hoog aangeslaan en word kinders eenvoudig gedwing om skool toe te gaan.[28]

Bogenoemde is 'n verdere rede waarom die Topnaars al verder verwesters en waarom hulle tradisionele leefwyse in 'n groot mate al verder op die agtergrond sal skuif.

Die lewe van die gewone Topnaar word in 'n groot mate deur twee fenomene bepaal. Eerstens is die Kuisebrivier die vernaamste rede vir die voortbestaan van die Topnaars oor baie jare. Die rivier ontspring in die Khomas-hoogland wes van Windhoek en loop dan af na die see, waar dit aanvanklik by Walvisbaai uitgemond het. 'n Aantal jare gelede is die monding verlê, sodat die rivier nou in die duine uitmond. Ou Walvisbaaiers hou duim vas dat die Kuiseb nie oor die keerwalle stroom en 'n vloedgevaar vir die dorp word nie. Die gevaar is egter nie so wesenlik nie, want sedert 1837 het die rivier slegs 14 keer die see bereik.[29] Waar die Kuiseb die Namib-Naukluftpark ingaan, vorm dit 'n canyon wat met 'n groen gordel deur die woestyn afkronkel. Die rivier vorm 'n natuurlike skeiding tussen die uitgestrekte gruisvlaktes in die noorde en die verskuiwende sandduine van die Namib in die suide. Buite die rivierloop is die plantegroei maar karig en in die duine kom daar geen weiding voor nie.[30] Die plantegroei van die Kuiseb daarenteen is welig en die anaboom word afgewissel met doringgrasse en struikgewasse.

Dit is ironies dat die Kuiseb vir die Topnaar die bron van lewe, maar tegelykertyd ook die rede vir die grootste getal sterftes van die groepie mense oor die laaste twee eeue is. Die beste voorbeeld van so 'n gevaarsituasie is die 1934-vloed waarin letterlik honderde Topnaars dood is en die ander gedwing is om hulle huise tot in die bloedige son op die rivierwal te verskuif.[31] Hier is dit natuurlik bloedig warm.

Die tweede fenomeen waarvan die belangrikheid nie misken moet word nie, is die bestaan van die interessante woestynplant, die nara.[32] Dit is 'n plant wat in die benedelope van die Kuiseb wild groei en van November tot Junie van die volgende jaar 'n vol drag vrugte lewer. Die narra is ongeveer so groot soos twee vuiste van 'n man en is rond met harde, stekerige dorings aan die buitekant. Binnekant lyk die vrug byna soos 'n pampoen met 'n vleesgedeelte en pitte.

As enige Topnaar oor 'n narra uitgevra word, kan hy nie uitgepraat raak oor hierdie vrug wat die mense van die gebied oor soveel dekades aan die lewe gehou het nie. Selfs die huidige leier, hoofman Seth Kooitjie, vertel met nostalgie van hierdie plant. Oor 'n onderhoud met hom skryf die *Rossing News* soos volg:

> 'Captain Seth Kooitjie relates how — when he worked in Keetmanshoop in southern Namibia for three years — the first thing he would do on reaching his home in the Namib was to eat !nara. And on his return south, he would take !nara seeds in his pocket, a sentimental reminder of things familiar.'[33]

Van ongeveer November/Desember van elke jaar as die narras begin ryp word, versamel die Topnaars in die benedelope van die Kuiseb en die nabygeleë duine om die plante te oes. Omdat die stingels van die plant doringagtig is, is



Figuur 3 Die narra is die stapelvoedsel van die Topnaars. Let op dat die plant geen blare het nie en 'beskerm' word deur besonder skerp dorings.
*Foto: L. Barnard*

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).



Figuur 4 'n Groepie tasegte Topnaars besig om Narras te verwerk. Die blik links voor bevat die moes van die plant, terwyl die Narrasap in die houers aan die regterkant gehou word. Op die agtergrond is 'n tipiese bokkraal van die Topnaars. *Foto: L. Barnard.*

dit 'n moeisame werk wat heelwat vernuf en kennis verg. Die rypheid word met behulp van 'n lang stok getoets. As daar na 'n dag of twee heelwat narras bymekaar gemaak is, word dit na 'n sentrale plek vervoer.

Hier word die binnekant verwyder en in 'n groot drom gekook. Nadat die drom vir byna 'n dag lank geroer en gekook is, word die pitte uitgesif, gedroog en in sakke verpak om verkoop te word. Die residu word op 'n skoon stuk duin uitgegooi en na 'n paar dae word dit opgetel en soos 'n tameletjie gesny en in netjiese rolle gerol. Efraim Engelbrecht, 'n bejaarde Topnaar se mond water as hy verklaar: 'Dit is lekkerder as wat die lekkerste sjokolade kan droom om te smaak.'[34]

Die pitte in die sakke word per donkiekar na Walvisbaai vervoer en daar verkoop. Vir die sakke pitte wat so ongeveer 50–70 kg weeg, kry die Topnaars R2,50 per kg. Die narrapitte is besonder olieryk (46%) en proteïenryk (32%). Dit is geen wonder dus dat die Topnaar vir soveel dekades 'n bestaan uit die narras kon maak nie.

Gedigte soos die volgende weerspieël die algemene houding wat daar onder die Topnaars ten opsigte van die narra geld:

You round food
With many thorns
You many-breasted
Foster mother of the Topnaar children
Even if I am far away
I will think of you
You food of my ancestors
I will never forget you
There is no wet nurse like you[35]

Ten spyte van sommige navorsers se argumente tot die teendeel, bly die narra tot vandag toe nog een van die belangrikste voedselbronne van die Topnaars. Dit verskaf verder nie net kos nie, maar genereer ook 'n inkomste vir hierdie mense wat letterlik van die hand na die mond lewe. Groot is die inkomste weliswaar nie, maar dit verseker minstens dat die mense as hulle hard werk van voedsel vir die familie verseker kan wees.

## Die Topnaars op pad na die toekoms?

Die kwelvraag wat onwillekeurig opduik, is: Wat gaan van die Topnaars word?

Vir dekades reeds bewoon hierdie groepie mense die Kuisebrivier. Behalwe vir 'n aanpassing teen die einde van die negentiende eeu toe die strandlopers hulle by die !Naranin aangesluit het om een groep Topnaars te vorm, bly hulle vasklou aan die grond en tradisies van hulle voorvaders. Faktore soos die swak vervoer en verbindings versterk hierdie ingesteldheid.

Aan die ander kant het die oprigting van die skooltjie by Ituseb veroorsaak dat die tradisionele bande met die verlede al meer losgemaak word. Voeg daarby die feit dat die plaaslike owerheid in Walvisbaai[36] die Topnaars veel eerder in 'n woongebied op die dorp wil inskuif, en dit word duidelik waarom daar 'n sterk denkstroom is dat die huidige tradisionele Topnaars van die Kuiseb moet wegtrek.

'n Amerikaanse akademikus, dr. E. Ross van San Francisco, het twee dekades gelede al gesê dat die tradisionele Topnaars in die Kuiseb spoedig sou verdwyn. Sy aanvoeling het hy soos volg verduidelik:

> 'It is quite obvious that this simple pastoral culture will gradually ebb down river, dying out as one village after another is abandoned. At present many are simply homes for residual old timers serving as baby sitters for their grandchildren. Most persons of the prime 20 to 40 age group are employed in towns and only periodically return to visit their families. As the older generation fades away, the lonely river-bed will return to Nature. Perhaps this is best.'[37]

Hierdie grafskrif vir die Topnaars klop egter geensins met die siening van hulle huidige tradisionele leier, hoofman Seth Kooitjie, nie. Vir hom het die Topnaars hulle oor honderde jare as wettige inwoners van die Kuiseb bewys. Hulle het aan almal getoon dat hulle 'n bestaan kan voer, hoe gebrekkig ook al.

Hoofman Kooitjie is van absolute oortuiging dat die tradisionele Topnaars in die jare wat kom steeds die benede-Kuisebrivier en sy omringende gebied sal bewoon. Hulle het immers al deur die geskiedenis geleer om met verteenwoordigers van die Kaapkolonie, die Duitsers en die Suid-Afrikaanse regering saam te werk.

Terwyl akademici twis oor die voortbestaan van die tradisionele Topnaars, gaan die eenvoudige lewe in die benedeloop van die Kuiseb steeds sy gang. Die water in die Kuiseb is steeds daar en die narras sal vir geslagte wat kom, die heilige voedsel van die Topnaars bly.


## Summary

In the dry desert landscape of Western Namibia and the enclave of Walvis Bay one finds the dry bed of the Kuiseb Rivier. It is in this vast area, on the edge of the dunes of the Namib Desert, that the Topnaars have been settled for generations. This group migrated with the Khoi Khoi from the Great Lakes in Central Africa and settled in what was then South West Africa. The Topnaars were very isolated and did not mix much with other groups in the area.

Initially there were two very distinctive groups, namely the Strandlopers under the leadership of Kachab and the Topnaars who lived in the bed of the Kuiseb River and whose leader was captain Neibeb. Since the 17th century the Topnaars came into contact with Whites to an increasing extent, because traders and missionaries began to flock to their territory in large numbers.


Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

The Rhenish Missionary Society had been working among the Topnaars since 1845 when Johann Rath and Hendrik Scheppmann were sent to the area. After permission was obtained they could start their missionary work. Within a few weeks the first church had been built and the first members christened. Under the guidance of Scheppmann the first catechism textbooks for the Topnaars were printed and a number of palm trees, a gift from Germany, were planted in the bed of the Kuiseb River. The little church has long since been washed away, but in spite of several floods the palm trees are still standing as worthy monument to the work that Scheppmann did among the Topnaars.

By the end of the 19th century, the living space of the Topnaars, especially those along the west coast, became increasingly confined. Trade from Walvis Bay, especially after the annexation of the area by the Cape Colony, forced the Topnaars to move away from their traditional fishing areas and to settle next to their tribesmen along the bed of the Kuiseb River.

The history of the Topnaars in the 20th century is that of a group of people who suffered all kinds of difficulties. In 1934, for example, literally hundreds of Topnaars drowned when the Kuiseb was in flood. Politically things did not go well either, because the absence of a tradisional leader resulted in quarrels and discord among the Topnaars. Only when chief Esau Kooitjie was appointed as leader in 1976 did the community find political peace. In 1981 he was succeeded by his son, S.M. (Seth) Kooitjie as traditional leader of the Topnaars. At present (1992) Kooitjie is still the official leader.

The fact that the Topnaars lived in isolation along the Kuiseb River for so many years, inevitably influenced their lifestyle. The hurried lifestyle of westerners is completely foreign to the Topnaars. In this simple life the goats are herded to the veld in the morning and brought home again in the late afternoon. Because there is no other form of farming activity, the people of the Kuiseb River have a peaceful simple existence. Present-day Topnaars live in primitive conditions. The housing is very scanty and in most cases a dwelling consists of a single room constructed of old sheets of corrugated iron or wood.

The lifestyle of the Topnaars clearly implies that until a decade or two ago formal training played almost no role in the community. Since the establishment of the first and only school at Ituseb the attitude of the inhabitants of this area has changed radically. Formal schooling is now considered to be very important and children are simply forced to go to school.

The life of an ordinary Topnaar is determined to a large extent by two phenomena. Firstly, the Kuiseb River has been the main reason for the continued existence of the Topnaars through many years. The river originates in the Khomas Highlands near Windhoek and then winds its way down to the sea. The river forms a natural partition between the gravel plains in the north and the shifting sand dunes of the Namib in the south. Outside the river bed the vegetation is scant and there is no grazing in the dunes. However, the vegetation in the Kuiseb is lush, and ana trees, grasses and shrubs are abundant. It is ironic that the Kuiseb is the source of life for the Topnaars, but at the same time it is the reason for the greatest number of deaths — think of the hundreds of people who died when the river was in flood in 1934.

The second phenomenon is the existence of an interesting desert plant, the !Nara (*Acanthosicyos horridah*). This plant is indigenous to the lower reaches of the Kuiseb and bears a good crop of fruit from November until the following June. The Narra is approximately the size of two large fists of a man, and is round with prickly thorns on the outside.

When the Narras are ripe, they are harvested and the pips put into bags to be sold in Walvis Bay. The Narra pips are very rich in oil (46%) and protein (32%) and are used instead of nuts in confectonary.

The worrying question that must be answered is what is to become of the Topnaars? Since the establishment of the small school at Ituseb the traditional ties with the past are broken more and more. In addition the local authorities in Walvis Bay argue that the Topnaars must leave their traditional homes and settle in the town.

The present traditional leader, Seth Kooitjie, does not agree with this and has stated that the Topnaars will still be living next to the Kuiseb for centuries. While the arguments on the continued existence of the traditional Topnaars persist, the simple life in the Kuiseb River goes on.

## Erkenning

Dank word uitgespreek teenoor die volgende persone vir hulp met hierdie projek: kolonel (tans brigadier) Tobie van Schalkwyk; mnr. Willie van Zijl, mev. Lida van der Merwe; hoofman Seth Kooitjie en mnr. Salie Vermaak

## Verwysings

1. E.S. ROSS, The Kuiseb's Topnaar Hottentots, *in SWA-jaarboek*, 1971, p. 171.
2. J.D. WARD en A.J. VAN WYK, Topnaar (*# AONIN*) place names along the Lower Kuiseb River, *in Bulletin of the Desert Ecological Research Unit*, May 1985, pp. 6–7.
3. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met Seth Kooitjie, 30 November 1990; Vergelyk ook K.F.R. BUDACH, A harvesting people of the South Atlantic Coast, *in Etnologie/Ethnology*, Vol. 6, Nr. 2, 1982, p. 1.
4. H. VEDDER, *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika — Gebeurtenisse in Suidwes tot aan die dood van Mahahero in 1890* (Windhoek, 1937), pp. 144-146.
5. I.W. VAN TONDER, *Geel en Bruin. 'n Verhaal oor ons oudste Inboorlingrasse* (Kaapstad, 1952) p. 11; Vergelyk ook H. VEDDER, *The Nama, in The Native Tribes of South west Africa* (Kaapstad, 1928), pp. 114–116.
6. *Namib Times*, 3 Julie 1981.
7. H. VEDDER, *The Nama*, p. 115; Vergelyk ook E. VAN KOHNEN, 'Topnaar Hottentot's Well', *in SWA-jaarboek*, 1964, p. 121.
8. Hoofman Seth Kooitjie-versameling, Narraville, Walvisbaai: Toespraak van agbare lid G.D.F. Dansab, lid van die Wetgewende Vergedering, (S.I.) (S.a), sp., si., p. 2.
9. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met Willie van Zijl, inwoner van Walvisbaai, 25 November 1990.
10. H. VEDDER, *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika Gebeurtenisse is Suidwes tot aan die dood van Mahahero in 1890* (Windhoek, 1937), pp. 7–16; Vergelyk ook Hoofman Seth Kooitjie-versameling, Narraville, Walvisbaai:Topnaars — *# AONIN* Tradisionele geskiedenis, sp., sj., p. 1.
11. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met hoofman Seth Kooitjie, 30 November 1990; Vergeleyk ook L. UYS, *The Topnaar* (aantekeninge voltooi vir werkstuk oor die Topnaars), sp., s.j., p. 1.
12. W. MARITZ, *Aus alten Tagen in Südwest* (sp., si.), p. 3.
13. Hoofman Seth Kooitjie-versameling, Narraville, Walvisbaai: Topnaars — *# AONIN*, Tradisionele geskiedenis, sp., si., p. 2.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).

14. Hoofman Seth Kooitjie-versameling, Narraville, Walvisbaai: Topnaars — # *AONIN*, Tradisionele geskiedenis, sp., si., p. 2.
15. *Rössing News*, Oktober 1989, p. 15.
16. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met hoofman Seth Kooitjie, 30 November 1990.
17. E.H.L. SCHWARZ, *The Kalahari and its native races — being the account of a journey through Ngamiland and the Kalahari, with a special study of the natives in the area* (London, 1928); Vergelyk ook J.H. Marsh, *Skeleton Coast* (Kaapstad, sj.), p. 80; I. SCHAPERA, *The Khoisan Peoples of South Africa: Bushman and Hottentots (London, 1930).*
18. *H. VEDDER, Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika Gebeurtenisse in Suidwes tot aan die dood van Mahahero in 1890* (Windhoek, 1937), pp. 487–488.
19. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met hoofman Seth Kooitjie, 30 November 1990.
20. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met hoofman Seth Kooitjie, 30 November 1990; Vergelyk ook Hoofman Seth Kooitjie-versameling, Narraville, Walvisbaai: Toespraak van Agbare lid G.D.F. Dansab, lid van die Wetgewende Vergadering, (S.I.) (S.a), sp., si., p. 3.
21. K.F.R. BUDACK, Stam en stamkaptein by die Khoe-Kboen in Suidwes-Afrika, *in* J.F. Eloff en R.D. Coetzee (reds.), *Etnografiese studies in Suidelike Afrika* (Pretoria, 1972), p. 257.
22. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met hoofman Seth Kooitjie, 30 November 1990.
23. Hoofman Seth Kooitjie-versameling, Narraville, Walvisbaai: erkenningsgeleentheid van hoofman Essau Kooitjie deur Sy Eksellensie Regter M.T. Steyn, administrateur-generaal van Suidwes-Afrika, Ururas in Kuiseb, 22 Desember 1977.
24. *Rössing News*, Oktober 1989, p. 16.
25. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met Lida van der Merwe, sendeling onder die Topnaars, 25 November 1990.
26. E. VON KOENEN, Topnaar Hottentots' well, *in SWA-jaarboek*, 1964, p. 120–121.
27. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met mnre. Bam en Engelbrecht, bejaarde Topnaars, 28 November 1990.
28. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhoud met mnr. Andreas, hoof van die J.P. Brandt-skool, 28 November 1990.
29. J.H. WELLINGTON, *South West Africa and its human issues* (Oxford, 1967), pp. 75–76.
30. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopname van onderhcude met kolonel Tobie van Schalkwyk, vorige bevelvoerder van die Weermag op Walvisbaai, 25–26 November 1990.
31. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopnames van onderhoude met Lida van der Merwe, 25 November 1990 en mnre. Bam en Engelbrecht, 28 November 1990.
32. E.H. PHEIFER, !Nara & Topnaar Hottentots, *in Suidwes-Afrika-jaarboek*, 1979, p. 150.
33. *Rössing News*, Oktober 1989, p. 14.
34. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, bandopnames van onderhoude met Efraim Engelbrecht, 28 November 1990.
35. *Rössing News*, Oktober 1989, p. 15.
36. Departement Geskiedenis, UOVS: Leo Barnard-versameling, onderhoud met mnr. Jan Wilken, stadsklerk van Walvisbaai, 25 November 1990.
37. E.S. ROSS, The Kuiseb's Topnaar Hottentots, *in SWA-jaarboek*, 1971, p. 171.

# The early suburbs of Grahamstown: An outline of their development

D. Radford

Department of Architecture, Louisiana Tech University, P.O. Box 3175, Ruston, LA 71272-0001, United States of America

The form of the nineteenth century city has received much attention recently, in particular the origin and growth of the suburb. This study first looks briefly at the origins of suburban growth in London, then at the growth of this phenomenon in mid nineteenth century Grahamstown. Similarities and differences are noted and described. Finally a typology of suburban house types as found in Grahamstown is outlined and again some differences from similarities with contemporary English house form is noted. All the above is in the nature of a pioneering study.

Die vorm wat stede in die 19de eeu aangeneem het, het in onlangse tye heelwat aandag geniet, veral wat die oorsprong en groei van voorstede betref. In hierdie studie word die oorsprong van voorstedelike groei in Londen kortliks bespreek en dan na die ontwikkeling van die fenomeen in Grahamstad teen die middel van die 19de eeu gekyk. Ooreenkomste en verskille word vermeld en beskryf. Ten slotte word voorstedelike huise getipeer en weer eens sekere verskille en ooreenkomste ten opsigte van tydgenootlike Engelse huisvorme aangestip. Bogenoemde het die aard van 'n pionierstudie.

The city of Grahamstown is well known for the richness of its architectural heritage and the early settler buildings have been extensively documented in Dr. Lewcock's well-known study,[1] however, its Victorian legacy still awaits the same attention. Of particular interest to cultural historians must be the city's earliest suburbs, especially in the light of the recent worldwide attention being paid to the phenomenon of suburban development.[2] Before moving directly to this point though, a few, more general, comments on the nature of early suburban development are called for.[a]

## Introduction

Although suburban development took place worldwide, the most useful model for the study of Grahamstown's historic outlying areas is, as in many other areas of its cultural development, the British one. The links to the mother country were both various and direct for the entire nineteenth century.[b] The study of the growth of London in particular provides many clues relevant to the present study. However, as will be demonstrated, Grahamstown is not just a carbon copy in miniature of the imperial capital but a colonial variation with some significant differences.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2009).